**ELJADA HUIS MSW**

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

*Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 01594500.*

14 Februarie 2013

Dagsê Almal

So getrou is ons Skepper. Ek huiwer vanoggend om my brief te begin want ek kan nie besluit of ek eers die nood van die huis weer moet uitlig en of ek moet dankie sê nie. En voorwaar aan Sy getrouheid is daar geen einde nie. Met trane in my oë ontvang ek die sakke met kruideniersware van twee getroue ondersteuners en ek begin dus my brief eerstens om DANKIE te sê vir dit wat ons ontvang het. Die onmiddelike nood is verlig sodat ek more vir die 42 mense kospakkies kan gee vir die naweek.

Om die tafel tydens ons 8uur bybellees vanoggend vra ek of daar behoeftes is en die volgende kom toe daar uit: Margaret het nie 'n ketel nie, Erna vra 'n ketel en "toaster", Sonja, Fiela en Wally slaap op die grond en vra enkelbedjies, klein Inge van Jenny het ook nie 'n bed nie, Hettie vra 'n ketel en laaikassie (haar klere is in bokse), Bernadine vra net 'n enkelbed matras en 'n basis vir die dubbelbed. Die luukse versoeke is vir TV's indien moontlik. Al die vroue het dringend onderklere nodig asseblief.

Vanuit die direksievergadering wat Maandagaand plaasgevind het kan ek weereens net sê dat daar vir my geen twyfel is dat almal wat teenwoordig was verbind is, sonder enige voorbehoud aan die doelstelling van die Eljada Huis naamlik om eerstens die wat swaarkry te leer van die Here se grootheid en ons afhanklikheid van Hom. Ons direkteure: Riaan Eksteen – besturend en rekenmeester van beroep aldus sy portfolio as finansiële direkteur, Ds. Cobus Rossouw van GK Daspoort ons geestelike sake direkteur, Sakkie Hartzer van GK Rietvallei – direkteur logistieke sake, Erika Stutterheim-van Eyk – direkteur maatskaplike sake en Hein Harmse – direkteur regsake en arbeidsprokureur van beroep. Almal was eensgesind om veral waar daar kinders is te fokus op hul onderrig en opleiding. Verder stel die direksie dit ten doel dat geestelike vaardighede verder ontwikkel moet word met diegene wat daagliks hier betrokke is. Daar word ook gefokus om die volwassenes wat tekortskiet aan opleiding te ondersteun om dit moontlik te maak. Almal is dit eens dat Eljada Huis nooit as net nog 'n sopkombuis wil of sal bekend staan nie. Kos is 'n baie, baie belangrike deel van ons ondersteuning met die wat swaarkry want geen mens kan dink op 'n leë maag nie.

Ons word ernstig gekniehalter deur finansies wat tekortskiet. GK Centurion het hierdie week begin om vir my brood te borg – baie dankie daarvoor. Ons is baie

dankbaar vir elke bydrae hoe gering ookal en daarom het ek vandag die vrymoedigheid om te vra dat u dit sal oorweeg om moontlik 'n debietorder met 'n maandeliks bydrae van so min as R50 te maak. Bankbesonderhede is bo-aan die brief.
Ek herhaal my ***<u>NOODKREET</u>***: vars vleis, blikkies vis, boeliebeef, bakedbeans, sweetcorn, gemengde groente, soppoeier, pasta, sojavleis, rys, mieliemeel, koffie, tee, boksmelk, konfyt, grondboontjiebotter, stroop, bovril, margarien, koekmeel, suiker, aanmaak koeldrank. Petro kyk dat daar in die kombuis vir die normale weeksdae sonder ekstras vir 42 mense kos gemaak word. Weer eens 'n reuse dankie vir wat ons reeds ontvang het maar ook gaan kry.
Baie dankie vir die 8 borge wat ek ontvang het vir die susterssaamtrek. Ek benodig nog net 7 dan kan almal saamgaan.
Baie dankie by voorbaat.
Eljada Huis groete
Annatjie